Brûe gevorm deur bi-kulturele gemeenskappe

Ryk van Velden

Een van die grootste uitdagings wanneer ŉ gemeente betrokke wil raak by ŉ nuwe en onbekende gemeenskap is om persoonlike kontak met lede van die betrokke gemeenskap te maak. Dikwels het lidmate van die gemeente vanweë sosiologiese, ekonomiese, geografiese, historiese of ander redes geen spontane en natuurlike kontak met lede van die ander gemeenskap nie. Indien daar ook groot etniese- of taal verskille tussen die lidmate van die gemeente en die lede van die gemeenskap voorkom, word die uitdaging nog groter.

Dit behoort in die meerderheid van gevalle goeie vrugte af te werp indien die gemeente/lidmate die volgende in gedagte hou wanneer die eerste tree in die onbekende gemeenskap geneem word:

- **Kommunikeer onvoorwaardelike aanvaarding en ŉ "leer- en dienskneg" houding en gesindheid.**
- **Vra mense uit die onbekende gemeenskap om hulle gemeenskap aan jou bekend te stel.**
- **Verkeer sosiaal met die mense.**

Die uitdaging om hieraan uitdrukking te gee, vergroot in die mate wat die verskillende gemeenskappe sosiaal en etnies van mekaar verskil. Een manier om die "kloof" oor te steek, is deur bi-kulturele gemeenskappe of groepe as brue vir kontak, gemeenskap en diens tussen verskillende groter gemeenskappe

Wat is ŉ bi-kulturele gemeenskap en ŉ bi-kulturele brug?

Bi-kulturele gemeenskappe kom tot stand wanneer twee of meer individue vanuit twee groter gemeenskappe gereeld ontmoet, verhoudinge vestig, vertroue skep, begrip vir mekaar ontwikkel en leer om effektief te kommunikeer en saam te werk.

"Bi-kultureel" beteken nie dat daar net twee kulture ter sprake is in die groter gemeenskappe van die samelewing nie. Byna alle gemeenskappe is multi-kultureel (sosiologies en etnies). Tog kan daar dikwels ten spyte van die multi-kulturele aard van gemeenskappe breedweg groot verskille tussen bepaalde gemeenskappe in die samelewing bestaan. Wanneer indidvidue vanuit sodanige multikulturele gemeenskappe as verteenwoordigers van die groter gemeenskappe ontmoet en ŉ nuwe gemeenskap vorm, is dit ŉ unieke bi-kulturele gemeenskap wat vanuit die twee groter kulturele werklikhede tot stand gekom het.

Die bi-kulturele gemeenskappies (groepe) vorm ŉ brug na die verskillende groter gemeenskappe omdat die lede van die groep vanweë hulle betrokkenheid by mekaar kennis, begrip, vaardighede en sensiwiteit ontwikkel het oor dinge wat vir hulle gemeenskappe van waarde kan wees in enige direkte betrokkenheid tussen die twee gemeenskappe. Indien hulle potensiële

rol deur hulle eie gemeenskappe verstaan en benut word, kan hulle baie doen om begrip vir en sinvolle samewerking met die ander gemeenskap te bevorder. Hoe groter en meer verteenwoordigend die bi-kulturele gemeenskappe is, hoe groter word die potensiële rol wat dit speel in die gemeenskap en diens tussen twee gemeenskappe.

Hoe word bi-kulturele gemeenskappe (groepe) gevestig?

Bi-kulturele gemeenskappe kom hoofsaaklik vanweë twee prosesse tot stand. Enersyds wanneer twee gemeenskappe formele samewerkingsooreenkomste en strukture (kommissies) geskep het en die amptelike verteenwoordigers uit die gemeenskappe gereeld ontmoet in terme van die bepalings van die ooreenkomste. Andersyds wanneer individue uit die verskillende gemeenskappe gereeld informeel ontmoet.

Formele samewerkingsooreenkomste en kommissies kan, maar lei nie noodwendig tot funksionele bi-kulturele gemeenskappe nie. Indien daar nie gereelde kontak is nie, kan so 'n bi-kulturele gemeenskap nie tot stand kom nie. Waar daar wel sprake is van die ontwikkeling van 'n bi-kulturele gemeenskap, toon dit dikwels gebreke. Die nuwe kultuur van kommunikasie, samesyn en saamwerk ontwikkel gewoonlik net op die formele vlak, maar van 'n in-diepte verstaan en in-diepte kommunikasie tussen mense van verskillende gemeenskappe kom nie veel tereg nie. Die funksie van so 'n meer formele bi-kulturele gemeenskap as 'n brug tussen die gemeenskappe is dus beperk. Indien pro-aktiewe stappe geneem word om die informele en persoonlike onderbou van so 'n bi-kulturele gemeenskap te vergroot sodat individue wat deel is van die bestaande formele struktuur mekaar hart-tot-hart ontmoet in hulle onderskeie fisiese kontekste, kan die betekenis van so 'n bi-kulturele gemeenskap drasties vergroot.

Die kanse om sinvolle bi-kulturele gemeenskappe te ontwikkel is baie groter as individue mekaar veel meer informeel ontmoet, kuier en nie-amptelike dinge saam doen. Formele strukture en ooreenkomste moet verkieslik gebore word vanuit die basis van persoonlike verhoudinge, begrip en vertroue wat vanuit samesyn gebore is. Terwyl dit verkieslik is dat verhoudinge spesifieke gesamentlike programme voorafgaan, moet die uitgangspunt nie oordryf word nie. Indien daar aanvanklik net op verhoudinge gefokus word, sal 'n bi-kulturele gemeenskap ook nie gesond ontwikkel nie. Verhoudinge groei soms juis die vinnigste wanneer iets saam aangepak en gedoen word. Die uitdaging is om aanvanklik kleiner aksies so aan te pak dat verhoudinge voorop staan en nie die saaklike onpersoonlike projek nie.

Hoe word vrugbare bi-kulturele gemeenskappe in stand gehou?

Bi-kulturele gemeenskappe gedy op gesonde verhoudinge. Die beskerming en die uitbou van gesonde verhoudinge moet 'n prioriteit wees binne enige bi-kulturele gemeenskap wat gesond wil bly en effektief as 'n brug tussen die verskillende gemeenskappe wil funksioneer. Dieselfde reëls wat vir enige verhouding geld om te gedy, geld ook vir bi-kulturele gemeenskappe:

- Skep tyd om informeel fisies in mekaar se teenwoordigheid te wees.
- Wees betrokke by belangrike gebeure in die persoonlike lewens van mekaar: verjaarsdae; suksesse; leed en stryd.
- Ontspan en speel saam.
- Skep gereelde ontladingsgeleenthede waar lede van die bi-kulturele gemeenskap maskers kan lig en veral emosies op die tafel kan sit – ook negatiewe emosies jeens lede van die ander gemeenskap.
- Hou gereelde gesamentlike godsdienstbeoefening.

Stressore waarop bi-kulturele gemeenskappe bedag moet wees

Die ontwikkeling van bi-kulturele gemeenskappe gaan met stres en ongemak gepaard, veral as daar groot verskille tussen die twee gemeenskap-

pe bestaan.

- Die aanvanklike kontakmaak en saamwees met mense van ŉ vreemde gemeenskap mag baie moeilik en ongemaklik wees. Kultuurskok en die gepaardgaande emosies by lidmate moet deur gemeentes gehanteer word.
- Die ontwikkeling van ŉ bi-kulturele gemeenskap veronderstel ŉ "gee-en-neem" situasie waar mense uit beide gemeenskappe nuwe dinge in hulle menswees moet integreer en afskeid moet neem van dinge wat tot op datum vir hulle natuurlik en kosbaar was: Persepsies, houdinge, gewoontes, gebruike, aanbiddingstyle ens. Mense moet die spanning van twee kulturele wêrelde in hulle eie menswees hanteer. "Gee-en-neem" kan met groot emosionele ervaring of ontwrigting gepaard gaan en gemeentes moet verseker dat ontladingsgeleenthede geskep word om lidmate op die pad te begelei.
- Lidmate wat sterk bi-kulturele verhoudinge opgebou het, sal waarskynlik ervaar dat hulle terselftertyd toenemend ŉ ongemak met bepaalde aspekte van hulle eie gemeenskap of kultuur ervaar. Hulle mag ook ŉ vorm van eensaamheid, verdagmakery of selfs verwerping van hulle eie gemeenskap beleef omdat hulle in die proses verander het. Dit is veral waar van lidmate wat voltyds in ŉ "vreemde" gemeenskap werk en as't ware permanent deel geword het van die brug tussen twee gemeenskappe.

Hoe lyk volhoubare bedieninge wat tot stand kom deur bi-kulturele gemeenskappe in ŉ onbekende gemeenskap?

Volhoubare bedieninge in ŉ onbekende gemeenskap is gemeenskapbeheersde (gasheerbeheersde) bedieninge.

Die kanse vir volhoubare bedieninge vergroot egter merkbaar as die gemeenskap alle aspekte van die bediening oorkoepelend beheers, maar nie noodwendig alle mense en prosesse beheer nie. Volhoubare bedieninge is dus bedieninge wat op ŉ beslissende manier deur die "vreemde" gemeenskap gestempel word. Die invloed van die gemeenskap is deurgaans teenwoordig en werksaam, maar is nie noodwendig in volkome beheer van alles wat gebeur nie.

Gemeenskapbeheersde bedieninge word ontwikkel wanneer die gemeenskap van die begin af direk by al die fasette van bedieninge in hulle midde op so ŉ wyse betrek word dat hulle betrokkenheid ŉ wesentlike invloed op die bedieninge het. Konkreet en prakties beteken dit o.a. dat die gemeente:

- met die hulp van die gemeenskap kennis en insig verwerf oor die aard van die gemeenskap wat hulle betree;
- deur die gemeenskap gehelp word om hulle "*felt needs*" en die werklike behoeftes te ontdek;
- saam met die gemeenskap die aard en doelwitte van bedieninge formuleer;
- aansluiting vind by projekte wat reeds deur die gemeenskap self van stapel gestuur is;
- kennis en vaardighede wat in die gemeenskap voorkom, ernstig neem en so ver as moontlik benut;
- leiers van die gemeenskap bevriend, respekteer en volg;
- effektiewe mag en besluitnemingsbevoegdhede gee wanneer ooreenkomste en strukture ontwikkel word vir bedieninge in die gemeenskap.

Wanneer die gemeenskap se invloed so oorkoepelend teenwoordig is by alle fasette van die bediening, laat dit ruimte vir gedeelte leierskap (gemeente en gemeenskap) van die bedieninge in die gemeenskap. Nóg die gemeente nóg die plaaslike gemeenskap word pionne in die bediening wat moet dans na die pype van die ander. Alhoewel lidmate van die gemeente ook binne vasgestelde bane selfstandig besluite kan neem, sal dit nie ŉ bedreiging vir die gemeenskap wees of die eienaarskap vir die bedieninge uit die hand van die gemeenskap neem nie.

Vir 'n breër bespreking en praktiese raad vir die skep van sulke bi-kulturele brûe, kyk gerus op GDN se webtuiste: http://www.gemeentes.co.za/TIW .